# VERSAMELKUNS

## Graad 4

Praktiese vaardighede

15 ure

## Doel

Die doel is om die Penkop en Drawwertjie:

- te leer om sinvolle en leersame versamelings te maak.
- bekend te stel aan verskillende maniere om versamelings uit te stal en dan ’n goeie keuse te maak vir sy eie versameling.
- te leer hoe om items in ’n versameling met interessante inligting te etiketteer.
- te leer hoe om sy versameling sinvol en korrek te berg.

## Spesialisasievereistes

Om hierdie kenteken te verwerf, moet die Penkop of Drawwertjie die onderstaande vereistes nakom en volledig afhandel:

1. ’n Versameling wat opvoedkundig en sinvol is, saamstel wat minstens 25 voorbeelde bevat.
2. Weet waarom mense items versamel en vyf verskillende redes kan opnoem.
3. Kennis maak met vyf maniere om ’n versameling uit te stal en ’n voorbeeld kan gee vir die gebruik van elke metode: bv. album, Flipfile, vertoonkas, rakkies of boekrakke, teen ’n muur, op ’n tafel, kissie met glasvenster, kassie met laaitjies, skoenboks, bord met hakkies, boekrak, fotorame.
4. Ten opsigte van sy eie versameling weet wat die korrekte bergingsmetode vir die versameling is, kan verduidelik hoekom dit so geberg moet word en die gevare van verkeerde berging kan noem.
5. Besoek bring aan ’n museum of versamelaarsuitstalling waar verskillende versamelings uitgestal word met die doel om te leer van die uitleg, etikettering en watter inligting by items van ’n versameling gevoeg word om dit leersaam en interessant te maak.
6. Sy versameling rangskik en monteer en elke item in die versameling voorsien van ’n naam, plek van fonds en interessante gegewens en die versameling logies en kunstig rangskik.
7. Sy versameling netjies en met duidelike etikette uitstal by ’n geleentheid soos ’n kommandofunksie, interessante feite daaroor kan deel en vrae daaroor kan beantwoord.

## Spesialisasievereistes

8. Weet hoe lyk die toerusting wat deur ’n muntversamelaar gebruik word en kan verduidelik waarom dit gebruik word: muntstuk-tangetjie, muntstuk-kapsule, vergrootglas, poleerlappie en ’n muntstuk kan skoonmaak.

9. Kennis maak met ’n versameling oor gebruiksartikels: byvoorbeeld sleutels, teelepels, koekbordjies, knipmesse, blikke, sout- en peperpotte, servetringe, sleutelhouers, yskasmagnete, kieries.

10. Weet wat is ’n “printer’s tray”, waar dit vandaan kom, waarvoor dit aanvanklik gebruik is en hoe dit vandag in versamelkuns gebruik word.

## Aanbieding

Vereistes 1. Lei die spanlede om wyer as die gewone versamelings te dink en leersame versamelings te oorweeg deur die aanbieding in te lei met ’n groot verskeidenheid van versamelings wat die ouderdomsgroep sal interesseer. Heelwat voorbeelde kan op elektroniese media bekom word. Dit is hier belangrik dat spanlede die kennis wat hy kan opdoen met ’n versameling sal raaksien. Gesels met die span oor elkeen van hierdie voorbeelde, noem wat uit elke versameling geleer kan word en laat hulle ook insette daaroor gee op elke voorbeeld.

Vereiste 2. Hierdie is opskerping van die inligting in die graad 4-graadwielleerplan oor versamelkuns. Die gedeelte in die graad 4-graadwielhandleiding kan gebruik word.

Vereiste 3. Bied die vereiste aan met werklike voorbeelde van die items sover moontlik en vul verder aan met foto’s. Dis belangrik om te verstaan waarom sekere metodes vir ’n versameling werk en ander nie sodat die spanlid ’n goeie keuse maak.

Vereiste 4. Hierdie vereiste is versameling-spesifiek en word gedoen nadat die spanlede hulle versamelings gekies het en daarmee begin het. Die inligting kan verskil vir die verskillende spanlede.

Vereiste 5. Dit kan ’n heerlike spanuitstappie wees. Dit sal goed wees om eers self vooraf die museum te besoek om te bepaal watter uitstallings jy aan die span wil uitlig om ’n verskeidenheid in ettiketering en uitleg onder hulle aandag te bring. Vind uit van versamelaarsuitstallings in jul gemeenskap wat besoek kan word. Gesels met die span na afloop van die besoek en kry spanlede se terugvoer oor wat hulle gesien en geleer het oor die uitstal van items.

Vereiste 6. Behandel hierdie vereiste wanneer die spanlid al die items vir sy versameling het. Onder leiding van die spanoffisier moet die werkswyse deeglik beplan en uitgevoer word. Stel belang, gee leiding en advies en help waar nodig. Dit is belangrik dat die spanlid ondersteuning en aanmoediging kry om ’n netjiese eindproduk te kry waaroor hy goed voel en op trots is.

Vereiste 7. Tref betyds die nodige reëlings, doen moeite met die uitstalspasie en adverteer die span se versameling-uitstalling vooraf sodat hulle goeie blootstelling kry vir hul versamelings. Maak van die geleentheid iets besonders vir die span. ‘n Pamflet

## Aanbieding

kan selfs saamgestel word met foto’s en besonderhede van die “versamelaars” wat uitstal, wat dan uitgedeel kan word aan almal wat kom kyk.

Vereiste 8. Die beste opsie hier is om ’n munteversamelaar te nader om hierdie vereiste te kom aanbied en sy toerusting kom wys; alternatiewelik kan die inligting uit artikels bekom word. ’n Besoek aan die Munt kan ook oorweeg word waar moontlik. Sorg ook vir ’n voorraad muntstukke en die nodige materiaal sodat elke spanlid ’n muntstuk kan skoonmaak.

Vereiste 9. Doen navraag in die kommando of vriendeking om verskillende versamelings op te spoor en nooi die versamelaars na ’n spanbyeenkoms om hul versamelings aan die spanlede te wys en daaroor te gesels of besoek die versamelaars tuis met die span.

Vereiste 10. Voorbeelde hiervan is maklik bekombaar om te gebruik in die aanbieding.

## Hulpbronne

1. Daar is talle videos beskikbaar op die internet oor die skoonmaak van muntstukke

E-pos enige voorstelle of kommentaar oor die spesialisasie aan hoofkantoor@voortrekkers.co.za.